NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2021

# DRAMATIESE KUNSTE

Tyd: 3 uur | 120 punte

---

## LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Hierdie vraestel is in drie afdelings verdeel. Jy moet **DRIE** afdelings beantwoord. In **AFDELING C** moet jy óf **SUID-AFRIKAANSE KONTEMPORÊRE TEATER (Na 1994) ÓF SUID-AFRIKAANSE KONTEMPORÊRE FILM (Na 1994)** kies.

   **AFDELING A:** **20e-EEUSE TEATERBEWEGINGS**
   ***Waiting for Godot* deur Samuel Beckett OF**
   ***Rhinoceros* deur Eugene Ionesco OF**
   ***The Maids* deur Jean Genet**

   **EN**

   **AFDELING B:** **SUID-AFRIKAANSE TEATER (1960–1994)**
   ***The Island* deur John Kani, Winston Ntshona en Athol Fugard OF**
   ***You Strike the Woman, You Strike the Rock* deur Vusisiswe Players OF**
   ***Woza Albert!* deur Percy Mtwa, Mbongeni Ngema en Barney Simon**

   **EN**

   **AFDELING C:** **SUID-AFRIKAANSE TEATER/FILM (Na 1994)**
   **SUID-AFRIKAANSE KONTEMPORÊRE TEATER (Na 1994)**
   ***Tshepang deur* Lara Foot Newton OF/EN**
   ***Born Naked* deur ZikkaZimba Productions en Hijinks Theatre OF/EN**
   ***Little Red Riding Hood and the Big, Bad Metaphors* deur Mike van Graan en die Universiteit van Pretoria se Drama departement**

   **OF**

   **SUID-AFRIKAANSE KONTEMPORÊRE FILM (Na 1994)**
   ***District 9 onder regie van* Neill Blomkamp OF/EN**
   ***Tsotsi onder regie van* Gavin Hood OF/EN**
   ***Ellen, The Ellen Pakkies Story onder regie van* Daryne Joshua**

3. Nommer jou antwoorde PRESIES soos die vrae genommer is.

4. Die puntetoekenning per vraag is 'n riglyn vir die mate van detail en noukeurigheid vir jou antwoord.

5. Onafhanklike, kreatiewe denke en die toepassing van kennis sal tot jou voordeel wees.

6. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en om netjies te werk.

---

IEB Copyright © 2021

## AFDELING A 20e-EEUSE TEATERBEWEGINGS – ABSURDE TEATER

## VRAAG 1 OPSTELVRAAG

**In hierdie vraag moet jy na EEN van die volgende dramas verwys:**

- ***Waiting for Godot deur*** **Samuel Beckett OF**
- ***Rhinoceros*** **deur Eugene Ionesco OF**
- ***The Maids*** **deur Jean Genet**

**Gebruik die onderstaande beelde as inspirasie vir jou bespreking van die vraag op die volgende bladsy.**

**BEELD A**




[Bron: <https://www.icertglobal.com/the-art-of-poOF-communication/detail>]

**BEELD B**



[Bron: <https://theconversation.com/social-isolation-linked-to-higher-levels-of-inflammation-new-study-132564>]

IEB Copyright © 2021

In 'n goed gestruktureerde opstel van ongeveer **600 woorde** OF **2–3 bladsye**, bespreek hoe die drama wat jy bestudeer het die dramaturg se siening van die wêreld uitbeeld.

Gebruik die volgende punte om jou bespreking te rig:

- Sosio-politieke konteks
- Karakters
- Toneelskikking (Ruimte)

  - ✓ **Skryf duidelik die naam van die Absurde Teks wat jy bestudeer het aan die bokant van die bladsy neer.**
  - ✓ **Jou opstel sal nagesien word op grond van hoe goed jy jou argument kan ontwikkel en tot 'n logiese gevolgtrekking kom.**
  - ✓ **Ondersteun jou bespreking volledig met 'n duidelike, gefokusde verduideliking en toepaslike voorbeelde uit die drama.**

**[40]**

IEB Copyright © 2021

## AFDELING B SUID-AFRIKAANSE TEATER (1960–1994)

## VRAAG 2 DRAMAS IN KONTEKS

**In hierdie vraag moet jy na EEN van die volgende dramas verwys:**

- ***The Island*** **deur John Kani, Winston Ntshona en Athol Fugard OF**
- ***You Strike the Woman, You Strike the Rock*** **deur Vusisiswe Players OF**
- ***Woza Albert!*** **deur Percy Mtwa, Mbongeni Ngema en Barney Simon**

**Let wel: Jy moet slegs EEN van die bogenoemde tekste kies en alle antwoorde vir hierdie vraag moet op jou gekose teks gebaseer wees.**

**Skryf die titel van die drama wat jy bestudeer het neer voordat jy Vraag 2 beantwoord.**

Verbeel jou jy het 'n rol gekry in 'n produksie van die drama wat jy bestudeer het. Jou regisseur vra jou om 'n joernaal aan te hou waarin jy aantekeninge maak.

2.1 Verskaf 'n definisie van *Agitprop-teater* en gee 'n voorbeeld uit die drama wat jy bestudeer het wat jou definisie sal verduidelik. (3)

2.2 Verduidelik hoe enige EEN van die karakters in die drama as 'n politieke spreekbuis van die dramaturg optree. Jy moet na 'n oomblik/toneel in die drama verwys om jou antwoord te motiveer. (6)

**politieke spreekbuis: 'n stem vir die dramaturg se sienings.*

2.3 Motiveer hoe jy jou stem en lyf sal gebruik om die oomblik wat jy in Vraag 2.2 genoem het, uit te beeld. (6)

2.4 Staaf met voorbeelde uit die teks tegnieke van die Arm Teater wat 'n akteur moet oorweeg wanneer 'n rol in die drama wat jy bestudeer het, vertolk word. (6)

2.5 Verwys na die uittreksel van die drama wat jy bestudeer het, wat verskaf is (bladsye 5–6).

2.5.1 Identifiseer DRIE protes-elemente wat in die uittreksel voorkom. (3)

2.5.2 Verduidelik hoe 'n regisseur die protes-elemente wat jy in Vraag 2.5.1 genoem het, in 'n opvoering van die uittreksel kan uitlig. Jou antwoord moet aan die Arm Teater-styl voldoen. (6)

2.5.3 Evalueer die effek/invloed van die gegewe uittreksel as 'n afsluiting van die drama wat jy bestudeer het. Jou evaluasie moet 'n bespreking van die volgende punte insluit:

- Dramaturg se oogmerke
- Temas (10)

**[40]**

IEB Copyright © 2021

**Uittreksel uit *The Island*:**

| | |
|---|---|
| JOHN: | *(again addressing the audience)* You have heard all the relevant facts. Needless now to call the state witnesses who would testify beyond reasonable doubt that the accused is guilty. Nor, for that matter, is it in the best interests of the State to disclose their identity. There was a law. The law was broken. The law stipulated its penalty. My hands are tied.<br>Take her from where she stands, straight to the Island! There wall her up in a cell for life, with enough food to acquit ourselves of the taint of her blood. |
| WINSTON: | *(to the audience)* Brothers and Sisters of the Land! I go now on my last journey. I must leave the light of day forever, for the Island, strange and cold, to be lost between life and death. So, to my grave, my everlasting prison, condemned alive to solitary death.<br>*(Tearing off his wig and confronting the audience as Winston, not Antigone.)*<br>Gods of our Father! My Land! My Home!<br>Time waits no longer. I go now to my living death, because I honoured those things to which honour belongs. |
| | *(The two men take off their costumes and then strike their 'set'. They then come together and, as in the beginning, their hands come together to suggest handcuffs, and their right and left legs to suggest ankle-chains.<br>They start running … John mumbling a prayer, and Winston a rhythm for their three-legged run.<br>The siren wails.<br>Fade to blackout.)* |

**Uittreksel van *You Strike The Woman, You Strike The Rock***

| | |
|---|---|
| MAMBHELE & MAMPOMPO: | Shiya hom, hom bhasobhani. Shiya hom, hom bhasobhani. |
| MAMBHELE: | We will march to Robben Island and the blood we bleed will redden the sea.<br>Baphi? |
| SDUDLA & MAMPOMPO: | Shiya hom, bhasobhani. |
| MAMPOMPO: | Baphi – We will go and by God we will win. |
| SDUDLA: | We will storm the Bastille of Pollsmoor, Baphi? |
| MAMPOMPO: | Caledon Square. |
| ALL: | Baphi? |
| SDUDLA: | John Vorster Square! |
| MAMBHELE: | Nongqongqo! |
| SDUDLA: | Modderbee! |

| | |
|---|---|
| SDUDLA, MAMPOMPO, MAMBHELE: | Baphi? Pollsmoor!!! |
| SDUDLA & MAMBHELE: | The sun will rise for all the working women of the world.<br>*All pick up sticks and use them as if they were doing traditional stick fighting.* |
| SING TOGETHER: | He Botha, He Botha man<br>Uzama ukwenzani, xa utint'abafazi<br>Wathint'abafazi? Wathint'imbokotho.<br><br>Hey Botha? Hey Botha Man<br>What are you trying to do?<br>When you strike the woman<br>You strike the rock. |

**Uittreksel uit *Woza Albert!***

| | |
|---|---|
| MBONGENI: | Lilian Ngoyi! She taught our mothers about freedom. Raise her! |
| PERCY: | Woza Lilian! |
| MBONGENI: | *(spins with joy)* Woza Lilian! – Hey Lilian, uya mbona uMorena? Uvuswe uMorena. [Rise up, Lilian – Hey, Lilian, do you see Morena? It's Morena who raised you.] |
| *They dance on.* | |
| BOTH: | *(singing)*<br>Yamemeza inkosi yethu<br>Hathi rna thambo hlanganani<br>Oyawa vusa amaqhawe amnyama<br>Wathi kuwo. |
| MBONGENI: | Steve Biko! The hero of our children! Please, Morena – Please raise him! |
| PERCY: | Woza Steve! |
| MBONGENI: | Steve! Steve! Uyangikhumbula ngikulandela Kingwilliamstown? [Steve, do you remember me, following you in Kingwilliamstown?] |
| BOTH: | *(dancing)* Woza Bram Fischer! … Woza Ruth First! … Woza Griffith Mxenge! … Woza Hector Peterson! … |
| *They stop arms raised triumphantly.* | |
| | WOZA ALBERT!! |
| *Blackout.* | |

## AFDELING C SUID-AFRIKAANSE TEATER/FILM (Na 1994)

## VRAAG 3 (A) SUID-AFRIKAANSE KONTEMPORÊRE TEATER (Na 1994)

**In hierdie vraag kan jy na EEN, TWEE OF AL die volgende dramas in jou antwoord verwys:**

- ***Tshepang* deur Lara Foot Newton OF/EN**
- ***Born Naked* deur ZikkaZimba Productions en Hijinks Theatre OF/EN**
- ***Little Red Riding Hood and the Big, Bad Metaphors* deur Mike van Graan en die Universiteit van Pretoria se Drama departement**

**Skryf die titel(s) van die drama(s) wat jy bestudeer het neer voordat jy begin om Vraag 3 te beantwoord.**

Stel jou voor jy is 'n teaterkritikus wat 'n produksie van EEN, TWEE OF AL die dramas wat jy bestudeer het, gesien het. Jy kry opdrag om 'n resensie getitel TEATER VIR SOSIALE KOMMENTAAR te skryf.

3.1 Jou eerste taak is om navorsingsaantekeninge saam te stel.

3.1.1 Verduidelik die sosiale kwessies of gebeurtenis(se) wat die skepping van enige EEN van die dramas wat jy bestudeer het, geïnspireer het. (2)

3.1.2 Bespreek hoekom enige EEN van die dramas beskou kan word as TEATER VIR SOSIALE KOMMENTAAR. Jou antwoord moet verwysings uit die produksie insluit. (6)

3.2 Jou resensie moet die reaksies van die gehoor wat jy waargeneem het, noem.

3.2.1 Bespreek die rol van die gehoor as *medeskeppers van betekenis* in Postmoderne teater. (3)

3.2.2 Beskryf en verduidelik hoe 'n toneel in enige EEN van die dramas wat jy bestudeer het die gehoor sal aanmoedig om die rol van *medeskeppers van betekenis* wat jy in Vraag 3.2.1 bespreek het, te vervul. (3)

3.2.3 Motiveer, met verwysing na EEN van die dramas, minstens TWEE verskillende teaterstyle wat deur die dramaturg(e) gebruik is om dit moontlik te maak vir die gehoor om *medeskeppers van betekenis* te wees. (4)

3.3 Jou resensie sal 'n bespreking vereis van hoe die ontwerpelemente insig in sleutel sosiale kwessies bied wat in die produksie(s) beklemtoon is. Verwys na die beelde op die volgende bladsye en ook die produksies in hul geheel wanneer die volgende vrae beantwoord word:

**_Tshepang_ deur Lara Foot Newton**



**_Born Naked_ deur ZikkaZimba Productions en Hijinks Theatre**



IEB Copyright © 2021

**_Little Red Riding Hood and the Big, Bad Metaphors_ deur**
**Mike van Graan en die Universiteit van Pretoria se Drama departement**



3.3.1 Bespreek hoe die regisseur van die volgende aspekte gebruik gemaak het om atmosfeer in enige EEN van die volgende produksies te weerspieël:
- Stelontwerp
- Klank en/of beligting (10)

3.3.2 Beskryf hoe die kostuumontwerp effektief die sosiale kommentaar beklemtoon wat in enige EEN van die produksies gelewer is. (4)

3.4 Die finale aspek van jou resensie moet die lewensduur van die produksie noem.
*_lewensduur: gewild bly of bruikbaar vir 'n lang tyd_

Evalueer, met verwysing na jou persoonlike reaksie op spesifieke oomblikke in enige EEN van die produksies, of die produksie 'n lang lewensduur het. (8)
**[40]**

**OF**

IEB Copyright © 2021

## VRAAG 3 (B) SUID-AFRIKAANSE KONTEMPORÊRE FILM (Na 1994)

**In hierdie vraag kan jy na EEN, TWEE OF AL die volgende films in jou antwoorde verwys:**

- ***District 9 onder regie van*** **Neill Blomkamp OF/EN**
- ***Tsotsi*** **onder regie van Gavin Hood OF/EN**
- ***Ellen, The Ellen Pakkies Story*** **onder regie van Daryne Joshua**

**Skryf die titel(s) van die film(s) wat jy bestudeer het neer voordat jy met Vraag 3 begin.**

Verbeel jou jy is 'n filmkritikus wat EEN, TWEE OF AL die films wat jy bestudeer het, gesien het. Jy kry opdrag om 'n resensie te skryf, getitel SOSIALE KOMMENTAAR IN DIE FILMBEDRYF.

3.1 Jou eerste taak is om navorsingsaantekeninge te maak.

3.1.1 Verduidelik die sosiale kwessies of gebeurtenis(se) wat die skepping van enige EEN van die films wat jy bestudeer het, geïnspireer het. (2)

3.1.2 Bespreek hoekom enige EEN van die films as 'n FILM VIR SOSIALE KOMMENTAAR beskou kan word. Jou antwoord moet verwysings uit die film insluit. (6)

3.2 Jou resensie moet die reaksies van die kykers wat jy waargeneem het, noem.

3.2.1 Bespreek die rol van die kykers as *medeskeppers van betekenis* in postmoderne films. (3)

3.2.2 Beskryf en verduidelik hoe 'n toneel uit enige EEN van die films wat jy bestudeer het, kykers sal aanmoedig om die rol van *medeskeppers van betekenis* te vervul wat jy in Vraag 3.2.1 bespreek het. (3)

3.2.3 Motiveer, met verwysing na EEN van die films, na ten minste TWEE verskillende style wat deur die regisseur aangewend is, wat sorg dat die kykers *medeskeppers van betekenis* is. (4)

3.3 Jou resensie vereis 'n bespreking van hoe die ontwerp-elemente insig bied in belangrike sosiale kwessies wat in die film(s) uitgelig is. Verwys na die beelde op die volgende bladsye asook die films in geheel wanneer die volgende vrae beantwoord word:

IEB Copyright © 2021

***District 9*** **onder regie van Neill Blomkamp**



***Tsotsi*** **onder regie van Gavin Hood**



***Ellen, The Ellen Pakkies Story*** **onder regie van Daryne Joshua**



3.3.1 Bespreek hoe die regisseur van die volgende aspekte gebruik gemaak het in enige EEN van die films:
- Landskapontwerp
- Klank en/of beligting (10)

3.3.2 Beskryf hoe die kostuumontwerp die sosiale kommentaar effektief beklemtoon wat in enige EEN van die films gelewer is. (4)

3.4 Die finale aspek van jou resensie moet die lewensduur van die film noem.
**lewensduur: gewild bly of bruikbaar vir 'n lang tyd*

Evalueer, met verwysing na jou persoonlike reaksie op spesifieke oomblikke in enige EEN van die films, of die film lang lewensduur het. (8)

**[40]**

**40 punte**

**Totaal: 120 punte**

IEB Copyright © 2021